Jesus is ons Here

# Wat kies jy?

## Bybelteks

*Ná verloop van tyd het Kain ...'n offer vir die HERE gebring. En Abel, ook hy het 'n offer gebring ... Die HERE het Abel en sy offer met guns beskou. Maar Kain en sy offer het Hy nie met guns beskou nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak en hy was terneergedruk. Die HERE vra toe vir Kain: "Waarom is jy kwaad, en waarom is jy terneergedruk? Is dit nie so dat, as jy goed doen, jy jou kop kan optel nie? As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers." Kain sê toe vir Abel, sy broer: "Kom ons gaan veld toe." Toe hulle in die veld was, het Kain teen Abel, sy broer, opgestaan en hom doodgemaak.*

**– Genesis 4:3-8**

## Kernwaarheid

**God bly genadig ten spyte van ons foute, maar Hy verwag van ons om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.**

### WELKOM

Dink aan die emosies wat jy die afgelope week ervaar het. Het jy enige slegte keuses gemaak omdat jy jou emosies op 'n sekere manier hanteer het?

### WONDER

- Watter emosies dink jy het Kain ervaar?

- Dink jy omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê jy so?

- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak?

## WEES

- Is dinge in die lewe altyd regverdig? Hoekom sê jy so?

- Wat moet ons onthou van God, al voel dit vir ons dat die lewe nie altyd regverdig is nie?

## WEGSTUUR

Herinner jouself hierdie week dat God genadig bly ten spyte van ons foute, maar dat Hy van ons verwag om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.